

# GOD HET 'N DOEL MET MY LEWE

## DIE SIN EN BETEKENIS VAN MENSLIKE BESTAAN

### Skeppingsdoel

Die belangrikste vraag wat jy ooit vir jouself kan vra is:

### Wat is die doel van my lewe?

Om te weet wie ek is en waarvandaan ek kom en waarvoor ek geskape is gee vir my sin en betekenis aan my lewe.

*"Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is". **Jes 51:1***

Rots – wys na Jesus Christus – beeld en gelykenis.

Holte van die put – wys na vervalle toestand van sonde.

### Verhoudingwese

My identiteit:

Ek is 'n beelddraer van God. (Gen 1:26)

My roeping:

Ek met Hom in 'n persoonlike verhouding kan lewe. (Joh 15)

Ek is God se soort:

Sy beeld en gelykenis

**Gen 1:26** *"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."*

Sy asem en Gees in my

**Gen 2:7** *" En die **HERE** God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword."*

Vir gemeenskap met Hom.

**Job 33:4** *"Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend."*

**1Kor. 1:9** *"God is getrou, deur wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here."*

**1Joh. 1:3** *"wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus."*

God neem inisiatief.

**Mat. 11:27-28** *"Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. <sup>(28)</sup> Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee."*

**1Joh. 4:9-10** *"Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. (10) Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes."*

**Joh 15:16** “Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.”

My reaksie.

Soek Hom en vind Hom.

**Jer 29:13-14** “En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart. (14) En Ek sal My deur julle laat vind, spreek die HERE, en julle lot verander en julle versamel uit al die nasies en uit al die plekke waarheen Ek julle verdryf het, spreek die HERE; en Ek sal julle terugbring na die plek vanwaar Ek julle in ballingskap weggevoer het.”



Wandel in die lig.

**1Joh. 1:7** “Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.”

## ZOË LEWE

Dit is die unieke soort lewe wat eie is aan die kwaliteit en kwantiteit van lewe wat God in Homself het. Zoë lewe is beskikbaar vir almal maar slegs beskore vir hulle wat met God in 'n persoonlike verhouding lewe. Dit is die *lewe* wat God aanbied as 'n geskenk aan elkeen wat dit begeer.

**Joh. 10:10** “Ek het gekom dat jy lewe en lewe in oorfloed kan hê”

**Joh 11:25** “Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.”

## God maak Sy motief met ons bekend:

Die werklike rede waarom God jou spesiaal geskape het, het Hy voor die skepping bedink en bekend gemaak.

Kom ons kyk wat is die uitsonderlike posisie waarin God Homself persoonlik m.b.t. jou wil bevind.

Sy naam is Emmanuel.

**Mat. 1:23** “Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.”

'n Verbond verhouding.

**Gen. 17:7** “En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.”

**Mat. 26:28** “Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.”

'n Maaltyd.

**Open. 3:20** “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My”.

'n Woning.

**Joh. 14:23** "Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak."

'n Heiligdom.

**Eks. 25:8** "Ook moet hulle vir My 'n heilighdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon."

'n Eenheid.

**Joh. 15:5** "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."

'n Tempel.

**1Kor. 3:16** "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?"

'n Vriend.

**Joh. 15:15** "Ek noem julle nie meer diensknege nie, omdat die diensknege nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het."

### **DIE TABERNAKEL**

'n Tipe van iets wat was en wat moes kom. Dit was gegee en opgerig met die eindoel van wat God met jou ingedagte gehad het.

#### **Die opdrag**

"Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon". **Eks. 25:8**

Die tipe moes 'n spesiale plek wees.

Dit was 'n plek waarin en waardeer God Homself wou openbaar.

Dit was 'n plek waar die mens in God se teenwoordigheid kon kom en dienswerk aan God verrig.